Geagte Volksgenote

Met die Teksvers wat vir my gegee is, aangaande 'n nasie wat teen God opstaan en waarvan ons voorouers self ook in Sy gebooie oortree het. Het dit my willekeurig laat dink aan die Sondes van die Boervolk. En moet ons tog na hierdie oortredinge kyk om onself te vergewis waarin ons oortree het en tans doen, asook waarin moet ons ons dan van afkeer, wegkeer en afsonder, sodat die Heiligheid van Vader weer in ons midde kan kom woning maak.

Dit is dan met hierdie gedagte dat ek ook vandag wil poog om eerstens uit die Bybelse geskiedenis, sowel as ons eie volksgeskiedenis, en die huidige tyd 'n ooreenkoms van hierdie oortredinge te skep sodat ons die lyn kan sien waardeur ons as volk oor al die eeue heen nog struikel.

Die woorde van Eseg.

Eseg 2:3  Hy sê toe vir my: Mensekind, Ek stuur jou na die kinders van Israel, na die opstandige nasies wat teen My opgestaan het; hulle en hul vaders het teen My oortree tot hierdie selfde dag toe.

In hierdie Teksgedeelte sien ons dat Vader vir Esegiël stuur met 'n waarskuwings na die volk in Ballingskap en sê dat hulle is opstandig en het teenoor Hom oortree.

Waarteen is die volk opstandig en waarteen oortree hulle?

Die Antwoord hierin kry ons in Esegiel 5: Vers 6-7 en 11

Eze 5:6  Maar dit was wederstrewig teen my verordeninge, goddeloser as die nasies, en teen my insettinge meer as die lande daar rondomheen; want hulle het my verordeninge verwerp en in my insettinge nie gewandel nie.

Eze 5:7  Daarom, so sê die Here HERE: Omdat julle opstandiger is as die nasies wat rondom julle is, in my insettinge nie gewandel en my verordeninge nie betrag het nie—selfs na die verordeninge van die nasies wat rondom julle is, nie gehandel het nie;

Eze 5:11  Daarom, so waar as Ek leef, spreek die Here HERE, gewis, omdat jy my heiligdom verontreinig het met al jou verfoeisels en met al jou gruwels, sal Ék My ook onttrek; my oog sal nie verskoon nie, en Ék sal ook nie spaar nie.

Ons sien dus in hierdie gedeelte 3 oortredinge

1. Ons het Vader se verordeninge verwerp

2. Ons het nie in Vader se Insettinge gewandel nie

3. Ons het Vader se Heiligdom verontreining.

Hierdie  3 tipes oortredinge kan ons sekerlik net saamvat dat ons Sy wet oortree het. Maar moet ons met 'n vergrootglas hierdie woorde van naderby gaan bekyk, om dan ook die bepaling daarvan en die soeke na hierdie oortredinge te kan uitlig.
Die woord verordening lees bietjie makliker in die engelse teks as "Judgement" en het gewoonlik te doen met wette teenoor ons naaste. Soos ons die duidelike riglyn sien in Eksodus 21 waar daar spesifiek begin word met, hierdie is die verordeninge wat aan die volk moet voorgehou word.

Die woord insetting of in engels "Statue" het weer meer te make met Vader se feeste asook insettinge m.b.t reinheid.

Exo 12:14  En hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees, en julle moet dit as 'n fees tot eer van die HERE vier. Julle moet dit in julle geslagte as 'n ewige insetting vier.

Hierdie insettinge het ook te make met heiligmaking en reinheid

Lev 18:30  Daarom moet julle my ordening onderhou om niks te doen van die gruwelike insettinge wat voor julle gedoen is nie, dat julle jul nie daardeur verontreinig nie. Ek is die HERE julle God.

Hierdie reinheid stel dan ook apart en afgesonderheid voor as 'n insetting.

Lev 19:19  Julle moet my insettinge hou. Twee soorte van jou vee mag jy nie laat paar nie. Jou akker moet jy nie met twee soorte saad besaai nie. En 'n kleed van twee soorte goed, van gemengde stof, mag nie op jou kom nie.

Die derde oortreding was dan die verontreiniging van die Heiligdom. Hierdie Heiligdom het 'n drie ledige betekenis.

1. Die Fisiese Heiligdom of Tempel wat Vader vir Israel laat oprig het.

2. Die 2de Heiligdom is die volk die Bruid self.

3. Die 3de Heiligdom is dan ook Vader YHWH self.

**Die fisiese Heiligdom**
Exo 25:8  Ook moet hulle vir My 'n heiligdom maak, dat Ek in hulle midde kan woon.

Exo 15:17  U bring hulle in en plant hulle op die bergland van u erfenis, die plek, o HERE, wat U as vaste woonplek vir U berei het, die heiligdom wat u hande gestig het, o Here!

**Die Volk\Bruid as Heiligdom**
Psa 114:2  het Juda sy heiligdom geword, Israel sy ryksgebied.

Eze 37:28  En die nasies sal weet dat Ek die HERE is wat Israel heilig as my heiligdom vir ewig in hulle midde sal wees.

1Pe 2:5  en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus.

**YHWH As Heiligdom**
Isa 8:14  Dan sal Hy vir julle 'n heiligdom wees, maar 'n klip waar 'n mens teen stamp en 'n rots waar 'n mens oor struikel, vir die twee huise van Israel, 'n vangnet en 'n strik vir die inwoners van Jerusalem.

Eze 11:16  Daarom sê: So spreek die Here HERE: Omdat Ek hulle ver weggedryf het onder die nasies, en omdat Ek hulle verstrooi het in die lande en Ek vir hulle 'n kort rukkie 'n heiligdom geword het in die lande waar hulle gekom het—

Net so is Yashua ook dan nou ons Heiligdom omrede hy ‘n Hemelse Heiligdom daar gestel het. Soos Hebr 9 aan ons verduidelik.

Ons sien dus in opsomming tot hier dat die volk van YHWH nie nagekom het om die wette tot sy medemens en apartgestelde wette deur Vader, asook die instellings van Vader se feeste te hou nie. Verder het die volk die verontreininging van die heiligdom 3 voudig oortree naamlik , Die verontreininging van die volk, die veronreininging van Vader en Yashua asook die fisiese verontreining van die Tempel.

Ons het dus nou ‘n fondasie gelê van waarin die volk oortree en gruwelik gehandel het en kan ons nou verder ondersoek, hoe die volk hierdie bo-genoemde dan in die verlede, asook die hede oortree.Ek gaan ek elkeen afsonderlik in die verlede en hede probeer weergee.

Wanneer ons kyk dan na die verordeninge wat oortree is, en ons op die basis werk dat dit wette is aangaande liefde teenoor ons naaste, of wette is ten opsigte van orde binne volksverband kan ons nou gaan ondersoek instel en sal daar sekerlik duisende oortredings wees wat ons kan aanhaal waarin ons teenoor mekaar oortree het in die verlede asook in die hede.

Tog wil ek graag slegs na die opsomming van hierdie oortredings kyk volgens Esegiël 18

**Eze 18:5** Maar as iemand regverdig is en reg en geregtigheid doen;

Eze 18:6 nie eet op die berge en sy oë nie opslaan na die drekgode van die huis van Israel en die vrou van sy naaste nie verontreinig en nie naby ‘n vrou kom as sy onrein is nie,

Eze 18:7 en niemand verdruk nie; wat hy vir skuld as pand geneem het, teruggee; geen roof pleeg nie; aan die wat honger het, sy brood gee en die wat naak is, met ‘n kleed toedek;

Eze 18:8 nie leen op rente en geen woeker neem nie; sy hand terughou van onreg, eerlike regspraak oefen tussen man en man;

Eze 18:9 in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou om eerlik te handel—hy is regverdig, hy sal sekerlik lewe, spreek die Here HERE.

Hiermee ook saam die opsomming van die wet oor die Naaste volgens Eks 20

Exo 20:13 Jy mag nie doodslaan nie.

Exo 20:14 Jy mag nie egbreek nie.

Exo 20:15 Jy mag nie steel nie.

Exo 20:16 Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.

Exo 20:17 Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.

Wanneer ons hierdie 2 gedeeltes in opsomming saamvat dan sien ons dus die volgende

Jy mag jou naaste se vrou nie onteer of vir jouself neem nie, Jy mag nie van jou naaste steel of valse getuienisse gee nie. Ons moet na ons naaste omsien en nie verduk en onregmatige winste neem nie.

Met hierdie in gedagte sien ons dikwels hoe huwelike deesdae nie meer geëer word nie en hoe daar d.m.v losbandigheid al hoe meer egskeidings is. Ons jongmense het geen meer begrip oor wat die intimiteit van die huwelik behels nie. Hierdie word voor die deur van die predikers en ouers gelê,omrede ons nie meer ons jongmense leer van kuisheid nie. Nou die dag sê 'n pa van 2 pragtige dogters dat hy vir sy jongste wat nou eers 17 is gesê het dat hy haar nie kan weerhou van gemeenskap nie, maar dat sy egter net verantwoordelik moet optree. Ek kon sien dat hierdie ouer self nie eers meer weet wat dit is om as Patriarg en Hoof van sy eie huis op te tree nie.

Ons medemens besteël, beroof en vedruk mekaar en het die kapitalistiese stelsel die plek van die Bybelse beginsel ingeneem. Soos dit vir ons in Handelinge 2 weergegee word.

**Lev 19:13** Jy mag jou naaste nie verdruk of beroof nie. Die dagloner se loon mag by jou nie tot die môre toe bly nie.

Hierin sien ons dat Vader se Woord praat teen die stelsels wat ons gebruik van maandelikse betalings, rekeninge ensomeer. Baie van ons rykste volksgenote gaan voort om nog langer gelde te kan hou alvorens uitbetalings vir dienste gemaak word, slegs om sodoende rente te kan verkry op saldo's binne in hierdie stelsels. Is dit nie 'n direkte onregmatige wins neem nie?

Ek het nou die dag vir 'n man gesê "ek sal eerder arm wees in Vryheid as 'n slaaf onder Kapitalisme".

So het hierdie wêreld bestel ons kom wegroof van Bybelse gesins-stelsels waarin ons, ons kinders in moet opvoed. Net so ook het hierdie stelsel en die tegnologie wat daaruit gevorder het, gemaak dat ons nou ook vinnig aan mekaar kan nuus oordra en het dit dan teweeg gebring dat ons dikwels woorde teenoor ons naastes spreek. Ek verwys na my referaat Jou woord is eer, ere aan Yahweh en eer aan jou naaste van April 2023 waarin ek verwys het hoe woorde in die Kleine alreeds in die groot invloed kan hê. Daarom moet ons ook wanneer ons beloof dit nakom. Ons as volk is vinnig om wanneer ons mekaar berispe die blaam te plaas op oordeel. En dan gee ons valse getuienis waarin ons dan ook ons sake probeer regverdig.

Hierdie veld kan ons nog verder gaan ondersoek maar terwille van tyd dan net tot opsomming. Dit is egter belangrik dat ons, ons dus in hierdie eerste oortreding moet afvra, waarin lê ons verkeerdhede en onself daarvan laat afsien. Betaal jou werker wat hom toekom, gee aan die arme en behoeftige. Weerhou jouself van seksuele verleidings en strewe na geregtigheid.

Die 2de gedeelte waarna ons gaan kyk is die Insettinge. Dinge soos Vader se feeste en afgesonderheid.

Ons is almal sekerlik hier eens dat, ons mensgemaakte feeste soos ,kersfees nie volgens Vader se orde is nie soos ons dan ook die bekende gedeelte ken in

**Jer 10:3** Want die insettinge van die volke is nietigheid; want 'n boom uit die bos kap hulle om, die handewerk van 'n ambagsman met die byl.

Jer 10:4 Hulle versier dit met silwer en goud, hulle maak dit vas met spykers en hamers, dat dit nie waggel nie.

Vader sê dan ook dat hy niks te make wil hê met ons mensgemaakte feeste nie.

**Amo 5:21** Ek haat, Ek versmaad julle feeste en het geen welgevalle aan julle feestye nie.

Wanneer ons na ons eie geskiedenis kyk dan sien ons dat kersfees eers laat in die 18de eeu in ons Boererpublieke erken is. Dit was 'n Britse invloed wat onder ons posgevat het.

In 'n skrywe op 'n Sosiale geselsgroep skryf een dame dat gebruik van paasfees-eiers nie so verkeerd is nie, en dat die tema tog handel oor Jesus wat vir ons gesterf het. "Wat is nou so verkeerd daaraan om dit af te sluit met kindertjies wat na paar paaseiers soek". So is ons volk mislei deur eeue se invloed en staan ons tereg skuldig aan die woorde van Hosea wat leer dat ons volk ten gronde gaan weens 'n gebrek aan kennis..

Vermenging en verbastering is van die vroegste tye een van die dinge waarteen die Woord ook waarsku en ken ons almal die geskiedenis van Pineas wat die Israeliet met die vreemde vrou deurboor en dan genees Vader weer die volk. Net so poog die liberale sieninge van die wêreld van die vroegste tye af om die volk te laat uitbaster en vermeng. In die kerkblad van 18 September 1942 Verklaar Dr C.L Leipoldt dat vermening nie noodwendig ontaarding sal beteken nie. Na die toespraak wou iemand weet of 'n gemengde volk die land tot voordeel sou wees, waarin die antwoord was dat dit beslis 'n bate vir die land sou wees. Ons sien dus hier dat ons selfs, al in die hoogtepunt van Nasionalisme met hierdie stryd temake gehad het, en het die Akademici die weg gebaan dat hier reg teenoor God se orde opgetree moet word. Tot op die punt waar die volk begin oorgee het in 1983 met die 3 kamer parlement en die verbonde wat aangegaan word met die ander nasies.

Net so het ons ook toegelaat dat hierdie vreemde volke deur vermenging dan ook inkom in die heiligdom, en waarsku Maleagi ons daarteen.

**Mal 2:11** Juda het troueloos gehandel, en 'n gruwel is in Israel en in Jerusalem gepleeg; want Juda het die heiligdom van die HERE, wat Hy liefhet, ontheilig, en hy het die dogter van 'n uitlandse god getrou.

Mal 2:12 Mag die HERE van die man wat so iets doen, uitroei hom wat roep en hom wat antwoord gee uit die tente van Jakob, en hom wat 'n offer aan die HERE van die leërskare bring.

Dit bring ons dan ook by die laaste gedeelte van hierdie referaat wat dan ook handel oor die verontreininging van die Heiligdom.

Al hierdie bo-genoemde oortredinge verontreining die Bruid die heiligdom van Vader.

1kor 6:10 Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie.

**1Kor 6:11** En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God.

Hierin sien ons dat wanneer ons aan hierdie sondes deel het dan is ons verotreinig maar as ons, ons hiervan weg keer dan word ons geheilig. Daarom is hierdie bogenoemde oortredinge nie net oortreding teenoor ons medemens nie maar ook 'n gruwel wat ons in die Heiligdom van die bruid meebring.

Die 2de gruwel is die gruwel teenoor die fisiese heiligdom en alhoewel ons weet dat die fisiese

heiligdom nie meer bestaan nie, maar in die Hemel is, is dit vir baie van ons volksgenote tog die plek wanneer hulle in hul kerkgeboue gaan om te aanbied as iets heiligs.

Hierdie kerkgeboue wat gebou word op Heidense beginsels met obelikse en son aanbidding. Tog het die Boervolk ook sy kerk so hoog geag dat hy nie gesien het hoe die verleiding daarby ingesypel het nie. So was hy stelselmatig gewoond gemaak om die post modern humanistiese sienings te aanvaar. Daarom sit ons vandag met predikers wat sodomomiete is, wat vir die volk preek. Professors wat die maagdelike geboorte verwerp en waarvan hierdie dwaling self tot binne in ons eie geledere nou weerklink. Verder het ons voortgegaan om te luister na die wat nie veronderstel is om aan ons die Woord te verkondig nie, en het ons volke ingebring om saam in ons heiligdomme te aanbid wat direk teen die Woord van Vader is.

Eze 44:6 En sê aan die wederstrewiges, aan die huis van Israel: So spreek die Here HERE: Laat dit genoeg wees met al julle gruwels, o huis van Israel!

**Eze 44:7** Omdat julle uitlanders ingebring het, onbesnedenes van hart en onbesnedenes van vlees, om in my heiligdom te wees, om dit, my huis, te ontheilig; toe julle my brood, vet en bloed gebring, en hulle my verbond verbreek het by al julle gruwels.

Eze 44:8 En julle het die diens van my heilige gawes nie waargeneem nie, maar het hulle aangestel om my diens in my heiligdom vir julle waar te neem.

Eze 44:9 So sê die Here HERE: Geen uitlander, onbesnede van hart en onbesnede van vlees, mag in my heiligdom ingaan, van al die uitlanders wat onder die kinders van Israel is nie.

So het Vader ons vyand teenoor ons opgestel en het ons vyande die heiligdomme kom vertrap.

Klaaglied 1:10 Jod. Die teëstander het sy hand uitgesteek na al haar kosbaarhede; ja, sy het gesien hoedat heidene in haar heiligdom kom, van wie U bevel gegee het dat hulle in u vergadering nie mag kom nie.

Jes 63:18 U heilige volk het dit vir 'n kort rukkie besit; ons teëstanders het u heiligdom vertrap.

Met hierdie dinge het ons volk nou voortgegaan om die laaste Heiligdom, die Heiligste van die Heiligdom, naamlik YHWH en Yashua se bloed te vertap en te verwerp, omrede ons nou vir alles, ons eie versinsel toedig aan ons humanistiese sienings. Ons ontheilig ons Vader deur woorde te spreek wat Hy nie beveel het nie. Woorde soos hierbo genoem dat die maagdelike geboorte nie bestaan het nie. Woorde dat ons maar kan paasfees hou met eiers en in afgodstempels Hom kan aanbid, want dit gaan nie meer oor dit wat Vader leer in Sy Woord nie maar oor die vrede en liefde wat Hy aan almal kom bied het, volgens mensgemaakte leringe.

Eze 13:6 Hulle het nietigheid gesien en leuenagtige waarsêery, hulle wat daar sê: Die HERE het gespreek—terwyl die HERE hulle nie gestuur het nie; en dan wag hulle op vervulling van die woord!

**Eze 13:7** Het julle nie 'n bedrieglike gesig gesien en leuenagtige waarsêery gespreek nie deurdat julle sê: Die HERE spreek, terwyl Ék nie gespreek het nie?

Eze 13:8 Daarom, so spreek die Here HERE: Omdat julle valsheid gespreek en leuenagtige gesigte gesien het, daarom kyk, Ek het dit teen julle, spreek die Here HERE.

**Jer 6:14** En hulle genees die verbreking van die dogter van my volk op die maklikste manier deur te sê: Vrede, vrede! —terwyl daar geen vrede is nie.

Jer 6:15 Hulle kom in die skande, omdat hulle gruwel bedryf het; tog skaam hulle hul nie in die minste nie, tog weet hulle nie om te bloos nie. Daarom sal hulle val onder die wat val; in die tyd dat Ek aan hulle besoeking doen, sal hulle struikel, sê die HERE.

Jer 6:16 So spreek die HERE: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel. Maar hulle het gesê: Ons wil daarin nie wandel nie.

Vader se Woord is die lig vir ons pad. Daar is niks wat nie hierin vervat is wat ons kan laat terugkeer na Hom nie. Ons as volk moet as oorblyfsel, ken die weë waarop ons moet teruggaan, soos Jer 6 hierbo noem soek en vra na die ou paaie.

Hoe keer ons dan onself weg van hierdie dinge gaan u en ek die wagter soos Esegiel se woord opneem en daarna luister om die lewe te kan besit, of gaan ons, ons hoof so hard soos 'n Diamant hou en die ongeluk en verderf deelagtig word.

Daar is een manier en een manier alleen om onself weer terug te kry op die weg van geregitigheid en dit word vir ons gegee in die volgende spreker se referaat. Naamlik 2Kor 6:16

2Kor 6:16 Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

2Kor 6:17 Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem;

Ek dank U

Nicolaas S Buys